Gmail Errol Massey-Hicks Massey-Hicks <amagp.sek@gmail.com>

FW: VERKLARING OOR DIE OPTREDE VAN DIE RAAD VAN TRUSTEES VAN DIE STAATSDIENSPENSIOENFONDS EN DIE OPENBARE BELEGGINGSKORPORASIE

Petro Stemmet <adamusp@telkomsa.net> Tue, Feb 6, 2018 at 3:19 PM
To: antonievisser7@gmail.com, Albert van Driel <drielaav@gmail.com>, Hennie Roux <hennie@nostalgie.co.za>, amagp.sek@gmail.com, Gerda Putter <gerda.putter@gmail.com>, zirk.gous@gmail.com, vandries@telkomsa.net, wevdwaals@gmail.com, Koot Myburgh <koot_myburgh@yahoo.com>, joekleinhans@gmail.com, Alan Luck <armyrenewal@vodamail.co.za>, tadippenaar@gmail.com, neels.vt@vodamail.com, herculesdup@mweb.co.za, jgalvinsnr@gmail.com, Lucas Delport <delport.l@absamail.co.za>, sakkiedup@gmail.com

VERKLARING OOR DIE OPTREDE VAN DIE RAAD VAN TRUSTEES VAN DIE STAATSDIENSPENSIOENFONDS EN DIE OPENBARE BELEGGINGSKORPORASIE.

Uitgereik namens : Die Vereniging vir die Monitering en Voorspraak van Regeringspensioene (Amagp)

6 Februarie 2018

Daar is met skok en teleurstelling kennis geneem van die agterbakse en eensydige optrede van die Openbare Beleggingskorporasie (Obk) en die Raad van Trustees van die Staatsdienspensioenfonds (RvT) om n reddingsboei van R 5 miljard aan die bykans bankrot Eskom beskikbaar te stel.

Die Amagp gaan akkoord met die sterkbewoorde verklaring van die Psa en ondersteun hulle met hul voorgenome optrede teen die betrokke instansies wat die Minister van Finansies insluit.

So onlangs as 17 Oktober 2017 is daar by die Staande Komitee oor Finansies n ooreenkoms aangegaan tussen die komitee onder leiding van Meneer Y Carrim oor verskeie aangeleenthede rakende die Staatsdienspensioenfonds. Oor die soort beleggings wat gemaak moet word, is onder andere soos volg besluit "The trade unions are correct. that this should not include investing in ailing SOE's that are badly governed, mismanage their resorces . . . . . and will not provide an adequate return on investment for members of the Gepf."

Skaars drie maande nadat hierdie ooreenkoms aangegaan is, pleeg die Obk en RvT verraad teenoor die lede van die pensioenfonds ,die Staande komitee en die vakbonde sonder om eens oorleg te pleeg met die ander partye tot die ooreenkoms.

Eskom voldoen. presies aan die diskwalifiikasies soos hierbo deur die Staande Komitee gestel.. Dit is vrot bestuur ,hul fondse is wanbestuur, korrupsie het hoogty gevier en is nog nie voldoende openbaar of opgelos nie.Daar is ywerig bygedra tot die staatskaping wat nog ondersoek word.Die optrede van Eskom se bestuur en die plundering wat daar plaasgevind het ,het aanleiding gegee tot 'n lee geldkas tot so n mate dat daar betwyfel word of dit nog n volhoubare instansie is.Hoe op die aarde die Obk en RvT na slegs twee weke van n nuwe bestuur kan oordeel dat Eskom nou geskik is viir n veilige belegging van R5 miljard, gaan ons verstand te bowe. Dit lyk eerder na dobbelary met ander mense se geld.

Die regering het staatswaarborge van R700 miljard uitgereik vir Staatsbeheerde Instansies (SBI's) waarvan Eskom R300 miljard opgeslurp het. Die regering het self n reuse begrotingstekort en dan word ons wysgemaak die regering "waarborg" die miljarde rande van ons pensioengeld wat n SBI's ingepomp word.